

## SARS tref spesiale reëlings gedurende inperking

**Pretoria, Donderdag 26 Maart 2020** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) is ten volle in lyn met en in ondersteuning van die regering se algehele inperkingstrategie in reaksie op die COVID-19-pandemie. SARS is ook sensitief tot die ekonomiese ontwrigting en angs wat moontlik gepaard sal gaan met hierdie onbekende en ongeëwenaarde fenomeen.

As deel van die inperkingstrategie, is die streng 21-dag-inperking wat deur President Cyril Ramaphosa aangekondig is, 'n ernstige dog nodige aksie om die verspreiding van die virus te bekamp en die kurwe van nuwe infeksies af te plat.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het gesê: "Ons benadruk ons maatskaplike solidariteit met alle besmette en betrokke individue, insluitend belastingpligtiges, handelaars en besighede wat deur COVID-19-pandemie negatief geaffekteer is en sal wees."

"Ons wil hulle graag verseker dat SARS daartoe verbind bly om die nodige dienste te verskaf wat nodig is vir die regering om steeds die nodige belastinginkomste te ontvang wat die voorsiening van openbare goedere en dienste bevonds, en ter gelyke tyd verseker dat die nodige terugbetalings na belastingpligtiges vloei wat reeds ontbering ondervind. Selfs deur hierdie tydperk van swaarkry, as deel van ons strategiese doelwitte, sal ons voortdurend die sekerheid gee en dit maklik maak vir belastingpligtiges en handelaars om met SARS sake te doen," het die kommissaris gesê. "Ek is seker dat eerlike belastingpligtiges ook die sekerheid wil hê dat gedurende hierdie tydperk, ons belasting- en doeanewette van krag sal bly om bedrieglike en kriminele misbruik van die belastingstelsel te voorkom," het hy gesê.

"SARS bly krities vir ons land se huidige en toekomstige ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling. Ingevolge die regulasies wat die inperking beheer, is SARS as 'n noodsaaklike diens verklaar wat lewensbelangrik is om te verseker "dat die korttermyn en langtermyn ekonomiese gevolge van die COVID-pandemie so ver moontlik bemiddel word," het Kommissaris Kieswetter verder gestel.

Met in agneming van die rampspoedige ekonomiese impak van hierdie pandemie, het die president ook 'n aantal maatreëls aangekondig om belastingnakomende maatskappye te help wat in nood verkeer, en hul betrokke werknemers, veral klein-, medium- en mikro-ondernemings (KMMO's), wat SARS oor die korttermyn sal administreer.

Die SARS-kommissaris het afgesluit deur te sê dat: "Egter, as 'n verantwoordelike werkgewer wat omgee, wil SARS ook die welstand en beveiliging van sy werknemers en hulle families verseker, en terselfdertyd die maatreëls, soos deur die president aangekondig, in werking stel. Daarom, om ons werknemers en hulle families te beskerm, sal SARS aangesig-tot-aangesig kontak en blootstelling tot 'n minimum beperk deur 'n reeks diensopsies in plek te stel wat belastingpligtiges en handelaars kan gebruik om met SARS in verbinding te wees gedurende die inperking."

Belastingpligtiges en handelaars word vereis om van aanlyndienste soos eFiling, die SARS MobiApp en e@syFile gebruik te maak. Sommige van die dienste beskikbaar op eFiling sluit in skuldnavrae, betalings aan SARS, navrae rakende uitstaande opgawes, belastingnakomingstatus (aansoeke vir TCS), kennisgewing van registrasie (IT150), indiening van opgawes, die terugvinding van gebruikersnaam en wagwoord herstelling.

Bykomend hiertoe, kan belastingpligtiges ook die SARS-kontaksentrum (0800 00 7277) skakel. As 'n absolute uitsondering, kan belastingpligtiges wat ons aanlyndienste en die kontaksentrumdiens uitgeput het, 'n afspraak maak by 'n SARS-tak. Tot verdere kennisgewing, sal SARS slegs belastingpligtiges per afspraak by ons kantore spreek. Belastingpligtiges wat 'n afspraak bevestig het, sal 'n kennisgewing van bevestiging ontvang waarmee hulle, tesame met hul persoonlike identiteit, kan gebruik om mee te reis ingevolge die beperkingsbepalings om hierdie noodsaaklike diens te ontvang.

Vir die volledige lys van diensopsies, [klik hier](#).